VERHELDER JOU PRIORITEITE

Energie vir die Lewe 3, 23 Oktober 2005

Ds Freddie Schoeman

As jy meer energie in jou lewe wil hê is dít die volgende stap: Verhelder jou prioriteite. Om op te veel dinge te fokus verspil 'n geweldige hoeveelheid energie. As ons op te veel dinge fokus is ons geneig om hier te vat en daar te los. Ons sukkel om besluite te neem en ons sê te maklik "ja" vir goed waarvoor ons eintlik "nee" moes gesê het.

Maar wanneer ons fokus – wanneer ons ons aandag en ons energie bepaal by dit wat regtig belangrik is en by dit wat regtig saak maak – dan kan ons baie regkry; die verskillende dele van ons lewe val in plek en ons kry perspektief en helderheid. Wanneer ons perspektief en helderheid het dan is dit asof daar berge van ons rue afval en asof daar vrede en rustigheid in ons lewens kom en ons met 'n ligter tred stap – ons het dan net méér energie!

Wanneer ons die strale van die son deur middel van 'n vergrootglas fokus op 'n spesifieke punt, kan ons 'n brand veroorsaak.

Waarop moet ons fokus – wat is dit wat werklik belangrik is? Jesus sê dit vir ons baie duidelik in Matt 6:33:

[33] *Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.* (Matt 6:33)

Dit beteken God en sy belange moet in die middelpunt van ons lewens staan; - in die *middelpunt*, nie maar net nog 'n item op ons agenda of dagprogram nie – nie maar net nog 'n speek in die wiel nie maar die as waarrondom alles draai.

Ons verhouding met die Here is die heel belangrikste verhouding wat ons het. Wanneer ons verhouding met die Here sy regtmatige plek ons lewens inneem, val al die ander dinge in plek.

> [Storie van pa wat seuntjie probeer besig hou deur 'n wêreldkaart in 'n tydskrif in stukkies te skeur en vir die seuntjie te sê om dit weer aan mekaar te sit. Binne 'n kwartier is die seuntjie klaar en die verbaasde pa wou weet hoe hy dit reggekry het. Seuntjie sê: dit was maklik. Op die agterkant van die kaart was 'n prentjie van Jesus – toe ek Jesus regkry was my wêreld reg.]

Ons fokus moet op Jesus wees – maar wanneer ons op Jesus fokus dan kom ons wêreld ook reg.

Maar om op Jesus te fokus – om die koninkryk van God in die middelpunt van ons lewens te plaas – behels 'n totale herrangskikking van ons lewens. Wat mense dikwels geneig is om te doen is om hulle lewe soos dit is te behou – besige skedule en al – en dan net godsdienstige aktiwiteit daarby te voeg. Dan word kerkaktiwiteite nóg 'n ding om te doen wat ons program net al hoe voller maak en wat ons net meer uitgeput laat as voorheen. Dis nie wat dit beteken om op God te fokus nie. Dis nie wat dit beteken om ons prioriteite te verhelder nie.

Om op God en sy belange (sy koninkryk) te fokus beteken om lewens te herrangskik – ons praat van 'n radikale verandering in lewens [radikaal = *radix* (Lt) = "wortel"]. Ons moet ons lewens tot diep in die wortels van ons bestaan verander.

Jesus sê:

Van toe af het Jesus ook begin preek. Hy het vir die mense gesê: "Julle moet julle lewe radikaal verander, want God se nuwe wêreld is hier! Ek bring God se splinternuwe wêreld na julle toe." (Matt 4:17 Die Boodskap)

Wat is nodig om ons lewens radikaal te verander? Dis nie so maklik nie en daar is baie misverstand hieroor. Mens dink soms die volgende dinge bring verandering:

- Dwang / druk (Niemand kan iemand ander dwing om te verander nie.)
- Skuldgevoelens (Om iemand te laat skuldig voel beteken nog nie jy het hom oortuig om te verander nie.)
- Tyd (Verandering is nie 'n kwessie van tyd nie. As die regte *bestanddele* daar is – gebeur verandering vinnig)

Wat is die regte bestanddele?

- Kennis van die waarheid
- Geloof dat God die beste vir jou bedoel
- Traumatiese / pynlike ervaring

KENNIS VAN DIE WAARHEID

"As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; [32] en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak." (Rom 8:31-32)

Jesus het geweet waarvan Hy praat. In die woestyn het die duiwel Hom gepeper met leuens; Hom probeer oortuig dat daar ander dinge is wat belangriker is as sy Vader en sy Vader se belange. Die duiwel het Jesus se energie probeer steel deur sy aandag te probeer verdeel en om Hom te probeer oortuig om op ander dinge te fokus as op dit wat werklik belangrik is.

- Klippe – brood ('n mens leef nie net van brood alleen nie ...)
- Spring af (jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.)
- Aanbid my (die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien)

Elke keer het Jesus die leuen van die Satan weerstaan met 'n stuk waarheid. En hierdie waarheid het Jesus vry gemaak. Aan die einde van die gedeelte lees ons dat die Satan Jesus met rus gelaat het. As ons wil hê dat die Satan ons met rus moet laat, dan is dit noodsaaklik dat ons kennis van die waarheid sal hê.

Kennis van die waarheid is nie iets wat sommer uit die lug val nie. Dit is iets waarna 'n mens moet strewe.

Indien jy na my wyse woorde oor die alledaagse lewe luister en my voorskrifte soos ’n kosbare skat binne-in jou bewaar, indien jy jou ore vir hierdie lewenswaarhede spits en goed oor alles nadink, indien jy na insig in die alledaagse lewe smag en meer kennis begeer oor hoe om te leef, indien jy heeltyd hierna soek soos wat ’n mens na kosbare silwer of na skatte soek, dan sal jy die Here se liefde begin verstaan. Jy sal weet hoe om wys en gelukkig te leef. (Spreuke 2:1-5)

Daar moet 'n honger in ons wees na die waarheid. Op 'n ander plek in Spreuke lees ons (in 'n Engelse vertaling)

*“A wise person is **hungry for truth**, while the fool feeds on trash.”* Proverbs 15:14 (NLT)

Daar moet 'n honger in ons wees na die waarheid. Ons moet ophou om onsself te voed met gemorskos; oppervlakkighede en leuens wat aan ons opgedis word as die waarheid. Dit is dinge wat ons aandag aftrek van die Here en wat ons energie verdeel en ons op die lang duur lewensmoeg maak.

As ons werklik honger is na die waarheid sal ons moeite doen om die waarheid in te kry. Die bron van die waarheid is die Bybel. My vrees is dat mense al hoe minder die Bybel lees en al hoe minder weet van die Bybel. En as mense nog die Bybel lees, dan lees hulle dit op 'n verkeerde manier.

Die Bybel moet in sy geheel en sistematies deurgelees en bestudeer word. Dit help nie ons lees net die mooi gedeeltes en nie ook die res nie. Dit help ook nie ons lees net dagstukkies en nie die Bybel self nie. Op die manier gaan ons nie die waarheid ontdek nie en gaan die duiwel voortgaan om ons energie te steel.

GELOOF DAT GOD DIE BESTE VIR JOU BEDOEL

Vir radikale verandering om plaas te vind, is dit nodig om te weet en daaraan vas te hou dat God vir ons net die beste in die oog het. Hy wil graag hê dat ons 'n lewe in oorvloed sal leef.

Sommige mense dink skynbaar dat God sy tyd verwyl deur te dink aan maniere om die lewe so onaangenaam en so ongemaklik as moontlik vir ons te maak. Die veranderings wat gepaard gaan met die radikale herrangskikking van ons lewensstyl – veranderings wat die Here wil hê ons moet maak ten einde Hom eerste in ons lewens te plaas – is sonder uitsondering bedoel om ons lewens te verbeter.

In Lukas 11 sê Jesus:

[11] Is daar ’n pa onder julle wat as sy seun vir hom ’n vis vra, vir hom ’n slang sal gee in plaas van die vis? [12] Of as hy ’n eier vra, vir hom ’n skerpioen sal gee? [13] As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee—die Vader in die hemel nog baie meer! (Lukas 11:11-13)

Een van die irriterendste dinge wat 'n kind kan hoor is 'n ouer wat vir hom/haar sê: "Ek weet wat die beste is vir jou. Ek doen dit ter wille van jou. Dis vir jou eie

beswil." *Yeah, right*. Irriterend of nie, kinders kom wel later agter dat hulle ouers reg was. So is God ook reg.

TRAUMATIESE / PYNLIKE ERVARING

Daar is min dinge wat ons so bewus maak van wat werklik belangrik is in ons lewens en wat nie, as 'n pynlike of traumatiese ervaring. Wanneer ons beleef dat die Here ons 'n tweede kans gee, dan kyk ons baie anders na die lewe.

Hannelie du Preez het so 'n ervaring gehad en ek wil haar graag aan die woord stel. Terwyl sy vorentoe kom kyk na die woorde van die Psalmdigter:

[71] Dit is vir my goed dat ek swaargekry het, want daardeur het ek u voorskrifte geleer. (Ps 119:71)

Hartseer en pyn word dikwels deur die Here gebruik om ons te help om insig in die waarheid te kry en om ons lewens te verander.

[8] Al het ek julle ook deur my brief hartseer gemaak, is ek nou nie daaroor jammer nie. Miskien was ek tog jammer toe ek sien dat daardie brief julle hartseer gemaak het, al was dit net vir 'n kort rukkie. [9] Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle hartseer gemaak het nie, maar omdat ek julle so hartseer gemaak het dat julle tot inkeer gekom het. Julle was immers hartseer soos God dit wou hê. Ons het julle dus in geen opsig benadeel nie, [10] want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood. [11] Kyk net wat die ervaring van droefheid volgens die wil van God aan julle gedoen het. Nou is daar by julle erns; meer nog, daar is verantwoording, verontwaardiging, ontsag, verlange, ywer en bestraffing van die kwaad. (2 Kor 7)

SLOT

Somtyds gebeur dit dat 'n traumatiese ervaring in oogwink ons prioriteite ophelder. Die volgende stap is om verandering te implementeer. Ons weet nou wat ons moet doen – nou moet ons dit net doen.

Wat verhinder ons? Hoekom stel ons uit?

- Vrees (verandering is dikwels pynlik, ongemaklik, onplesierig)
- Perfeksionisme (vrees vir mislukking)

Moenie langer uitstel nie: Voorbeeld van tou in boom.